# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-06-0

Liewe Ouers

**BEDANKING**

Baie dankie aan die volgende persone/besighede wat skenkings gemaak het aan Klein Lochieland. ***Carbo III*** het vir ons twee pale geskenk vir die nuwe skadunet wat by die tekenmuur opgesit is. Een van die Beertjieklas se ouers, ***Jaco Briers van Tiny Innovation***, het vir ons op eie koste die pale geplant. Baie dankie vir julle bereidwilligheid om ons kostes vir die skadunet laag te hou. Dankie ook aan Vanduscke Nortier vir die reëlings rondom dié projek. Ons waardeer julle!

**KLEIN LOCHIELAND "FLEECY TOPS"**

Ons verkoop steeds donkerblou "fleecy tops" vir die kleuters met die Klein Lochieland logo op teen R280-00 per "top". Die volgende groottes is beskikbaar:
3-4 jariges
5-6 jariges
7-8 jariges
9-10 jariges
Daar is voorbeelde om aan te pas. Betaling kan by Lize-Mari by die ontvangskantoor gedoen word.



**GRAAD R-INLIGTING:**

**VERPLIGTE OOGTOETSE (SLEGS GRAAD R)**

**Donderdag 11 Junie** word die Vissie- en Hasieklas kleuters se oogtoetse gedoen. Die kostes is die minimale bedrag van **R110 per leerder** en moet reeds betaal wees. Indien u kind onlangs getoets is deur 'n oogarts of oogkundige moet bewys van die toetsing aan die onderwyseres gelewer word, asb.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ons volgende tema is: | | **ANDER LANDE** | |
| Ons persepsies: | | Getal: | **Hersiening** |
| | | Klank: | **Hersiening** |
| Assesserings: | | **Geen** | |
| Maandag | 8 Junie: | Ons maak 'n halssnoer uit gekleurde pasta | |
| Dinsdag | 9 Junie: | Ons teken 'n Afrika-pot met verskillende patrone | |
| Woensdag | 10 Junie: | ***Juffrou Cara van die Hasieklas verjaar. Baie geluk!*** | |
| Donderdag | 11 Junie: | **OOGTOETSE vir die VISSIE- en HASIEKLAS** | |
| Vrydag | 12 Junie: | Lekkertjie-dag | |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**UITSTAPPIE: VREDENHEIM DIEREWERF - VRYDAG 12 JUNIE**

Om by ons Plaasdier-tema aan te pas, gaan ons volgende Vrydag, 12 Junie, die Vredenheim Dierewerf besoek. Ons maak gebruik van Eljosa Busdiens om die kleuters te vervoer. Alle uitstaande betalings moet vandag gedoen word, asb.

Die kleuters moet asb. **reeds 07:45 by die skool wees**, want die busse vertrek stiptelik om 08:00. Hulle kan ongelukkig nie wag vir kleuters wat laat kom nie. Die busse sal betyds terug wees vir die buitemuurse aktiwiteite.

Ouers moet asb. kennis neem dat ons personeel alreeds vir baie jare die graad RR-kleuters op ‘n “groot bus” uitstappie neem. Alle veiligheidsmaatreëls word gevolg. Eljosa is ‘n betroubare busdiens en die wet vereis nie dat kleuters in ‘n groot bus op ‘n karstoeltjie hoef te sit nie.

Moet asb nie jou kleuter ontneem van hierdie heerlike eerste “groot bus” ervaring nie. Ons het streng riglyne tydens ‘n uitstappie en daar is genoegsame toesig. Hulle geniet dit terdeë en dit is een van die hoogtepunte van die jaar!

Wat om in te pak/aan te trek:

- ‘n Warm baadjie (Klein Lochieland “fleecy”) en toe skoene of tekkies
- Die Klein Lochieland skoolhempie bo-oor ‘n langmou T-hemp
- ‘n Kospakkie in die uitstappie-sakkies wat die kleuters by die bekendstellingsdag verlede jaar ontvang het; of ‘n weggooibare plastieksak (DUIDELIK GEMERK)
- Ouers moet asb nie te veel kos inpak nie. Daar bly altyd geweldig baie kos oor.

**AFVALMATERIAAL**

Stuur asb. vir ons ***leë toiletrolle*** skool toe.

| | | |
|---|---|---|
| Ons volgende tema is: | **PLAASPRODUKTE** | |
| Ons persepsies gaan wees: | Kleur: | **Hersiening** |
| | Vorm: | **Hersiening** |
| | Getal: | **10** |
| | Klank: | **v-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 8 Junie: | Ons verf ‘n plekmatjie<br>***Onthou asb. leë toiletrolle*** |
| Dinsdag | 9 Junie: | Ons teken ‘n plaasontbyt |
| Woensdag | 10 Junie: | ***Juffrou Cara van die Hasieklas verjaar. Baie geluk!*** |
| Donderdag | 11 Junie: | Ons verf ‘n koei |
| Vrydag | 12 Junie: | ***VREDENHEIM-UTSTAPPIE met die bus. Sien inligting hierbo!*** |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel